

**Vrydag 23 Junie**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 11:23-28**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 11:24-25**

### **Die besluit van die geloof**

“Die regverdige sal deur die geloof lewe”, is die openbaring van God dat Hy alles in Christus gedoen het en dat ons niks kan doen ter wille van ons saligheid nie. Die lewe wat ons deur die geloof ontvang, is die gawe van die Heilige Gees. Ons kan nie self tot geloof kom nie, en ons kan nie uit onself volhard in die geloof nie. Tog staan ons nie passief in die geloof nie. Dit is die geloof in Christus wat ons lewe en ons lewensbesluite rig.

Die volgende voorbeeld van die implikasies van die geloof neem die Hebreërskrywer uit die lewe van Moses. In hulle geskiedenis was Moses immers een van die bekendste figure. Hy het hulle uit Egipte gelei. Onder sy leiding het hulle 40 jaar in die woestyn geleef en eindelijk tot op die rand van die beloofde land gekom. Hy het op die berg Sinai die wet van die Here in ontvangs geneem. Tog was dit nie alles uit homself nie. Hy het ook deur die geloof opgetree en geleef. Deur die geloof het hy ’n bepaalde keuse gemaak. Hy het verkies om nie die seun van die farao genoem te word nie, maar om liever sleg behandel te word saam met sy volk. Hy het deur die geloof teen die sonde en teen die wêreld gekies, maar vir sy volk. Hy het teen die gemak van die koningshuis gekies, en vir die sware roeping om sy eie mense uit Egipte te lei.

In Moses sien ons die teëbeeld van Christus wat sy Goddelike heerlikheid vir ’n oomblik afgelê het en die gestalte van ’n mens aangeneem het. Hy het mens geword en het as Kneg vir ons gely. Die Vader het Hom nie daarin ge-dwing nie, maar God die Seun het so besluit.

As kinders van God wat deur die geloof leef, word ons nou gedring om daaglik te besin oor wat ons verkies. Ons moet besluit of ons vir die wêreld of vir die koninkryk sal leef. ’n Lewe in God se koninkryk beteken dikwels benoudheid, verdrukking en vervolging. Ná die verdrukking kan ons egter die prys in besit neem wat Christus vir ons verwerf het.

*Sing: Psalm 34:1, 2*

*Ds. Christiaan Jooste (Waterberg)*